Staking by Eskom 'is voortydig'

Pietman Roos, Johannesburg

'n Staking deur Eskom-werknemers sal voortydig en onverantwoordelik wees.

Só het mnr. Brian Dames, die nuwe uitvoerende hoof van Eskom, gisteraand op 'n perskonferensie in Midrand gesê.

"Ons onderhandel steeds en wil graag die dispuut oplos," het hy gesê.

Hy het ook gesê dat die kragreus sekere gebeurlikheidsplanne in plek het indien 'n staking tog sou voortgaan. Dit sluit in verskerpte veiligheidsmaatreëls by aanlegte en transmissielyne en roteringskedules om personeelvlakke te handhaaf.

Eskom het verder gesê die laagsbesoldigde werker by Eskom kry, met al die byvoordele soos behuisingsubsidies en toelaes, maandeliks sowat R10 000.

Die vakbond Solidariteit het vroeër aangedui hy is "binne bereik" van 'n ooreenkoms met Eskom. Solidariteit het aangekondig dat hy 'n gewysigde voorstel aan Eskom voorgelê het en die kragreus tot Maandag tyd gun om daarop te reageer.

Indien Eskom nie dié voorstel aanvaar nie, sal Solidariteit die saak na die Kommissie vir Versoening, Bemiddeling en Arbitrasie (KVBA) neem vir arbitrasie, het me. Ilze Niewenhout, woordvoerder, gesê.

Volgens Nieuwoudt is 'n staking "buite die kwessie".

Solidariteit se standpunt hieroor is in skerp teenstelling met die dreigende staking deur die National Union of Mineworkers (NUM).

NUM het gister aan **Fin24.com** gesê dat hy 'n brief aan Eskom gestuur het waarin hy 'n waarskuwing rig oor die vakbond se voorneme om volgende week te staak.

"Dit sal 'n volkome staking wees soos enige ander aksie," het mnr. Lesiba Seshoka, NUM-woordvoerder, gesê.

Volgens Seshoka sal die NUM-lede "die brug oorsteek wanneer ons volgende week daar kom", met verwysing na die verbod op 'n staking.

Volgens mnr. Paris Mashego, NUM se onderhandelaar, lewer nie al sy lede 'n noodsaaklike diens nie, wat volgens hom beteken dat die staking moontlik beskerm sal wees vir daardie werkers wat nie 'n noodsaaklike diens lewer nie.

Volgens mnr. Bhabhalazi Bulunga, hoof van mensehulpbronne, sal hierdie verweer egter nie geld nie, aangesien dit slegs kan gebeur indien 'n ooreenkoms oor minimumdiensvlakke gesluit word. Tot dan word alle Eskom-werkers gesien as noodsaaklike diensleweraars.

Bulunga waarsku dat dissiplinêre optrede teen stakende werkers geneem sal word, en hulle boonop ook in hegtenis geneem kan word omdat dit 'n misdryf is om by 'n nasionale punt van belang te staak.